

HOOFSTUK XIV

INVAL IN DIE KAAPKOLONIE.

Onmiddellik ná hierdie onheil het generaal De Wet met president Steyn suidwaarts gegaan. Die plan was om nou 'n inval te doen in die Kaapkolonie.

Hulle het die Harrismithse en Kroonstadse burgers, wat onder generaal Philip Botha was, op die plaas van die heer Hans Bornman aan Korannaberg ontmoet op 14 November 1900. Die burgers het daar die moed en opgeruimdheid van president Steyn bewonder—en dit veral ná sy ramspoed op Bothaville.

Die volgende dag het die President en die Hoofkommandant die manskappe toegesprek en aan hulle bekendgemaak die plan wat daar was om oor die Oranjerivier die Kaapkolonie in te trek.

Dieselfde dag het die tog daarheen begin. As ander met besorgdheid die aangesig na die Kaapkolonie gewend het, was dit nie die geval met die Kolonialsers nie, wat die saak vir hulle vlees en bloed in die Republieke opgeneem het, en wat nou in die kommando's was. Reikhalsend trek hulle voort. Een van hulle sit op sy perd en sê vir sy vriend wat op 'n karretjie ry, waar daar twee muile voor trek: „Ja, Jan, al is dit ook met 'n esel, is elke stap tog nader.”

Met 1,500 man was dit dat generaal De Wet hierdie tog onderneem het. Hy het 'n Krupp met hom, en daarvoor—sestien skote! Deur Sprinkaans-

nek ¹⁾ het hy getrek. Op die fort wat daar deur die Engelse beman was, het hy enige kanonskote gevuur, en generaal Philip Botha het toe dit donker word, die fort bestorm, terwyl die kommando verbytrek.

Die kommando het toe voortgetrek na Dewetsdorp. Generaal De Wet het hierdie dorp op 20 November laat aanval van drie kante, en, ná 'n beleg van drie dae, waarin die burgers skans na skans geneem het, moes majoor Massey, die Engelse offisier wat daar in bevel was, met 400 man vir hom oorgee. Generaal De Wet het ook in besit gekry twee Armstrong-kanonne, een Maxim-Nordenfeldt, en 'n groot hoeveelheid ammunisie. Sy verlies was sewe dood en veertien gewond.

Die krygsgevangenes het hy met hom saamge-
neem, met die doel om hulle in die Kaapkolonie los
te laat.

Toe is die kommando voort. Ná 'n onverwagte
aanval van die vyand, 'n paar dae daarna, wat egter
niks uitgerig het nie, het die burgers vooruitgegaan
oor Treurkop tot na Klein-Bloemfontein, aan Sluk-
spruit. Die kommando het toe regs van Slukspruit
tot na Tafelkop getrek, nie ver van Bethulie nie. Hier
was daar 'n botsing met 'n klein Engelse mag. Dié
moes opgegee word, omdat daar tyding gekom het van
versterkinge van die vyand wat in aantog was.

De Wet het toe met die meeste spoed, dwarsdeur
die nag, in die reen na die Caledonrivier getrek. Die
volgende môre gaan dit oor Karmel, die mooi plaas
van die heer Jan Wessels; en teen neenuur trek die
burgers deur die rivier en sien hoe die duisende
reëndruppels spat op die breë vlak stroom. Toe was

¹⁾ So word die nek genoem ná die deurbreek daar op 14 Desember
1900. Die eintlike Sprinkansnek lê 'n bietjie meer noord.

daar 'n oomblikkie rus by die plaas van Du Plessis; en daarna trek die kommando weer voort onder aanhoudende stortbuie. Dit was nou nie alleen die groot ongemak van die reën wat die manskappe te verduur gehad het nie; maar hulle moes dit met klimmende besorgdheid aansien dat hulle arme perde al swakker word. Niks was daar vir hulle op die kaal veld te eet nie, want daar het 'n langdurige droogte geheers. Arme stomme diere wat, honger en moeg, nou in die modder byna nie voort kan nie! So is ook die perde van die Krupp gedaan geword, en die stuk is naby die rivier agtergelaat. Toe generaal De Wet dit hoor, het sy wrewel ten hoogste toppunt gestyg. In sulke oomblikke het hy laat dink aan die ontsagwekkende ongesteldheid van 'n Achilles van ouds. Hy het aan die kommandant onder wie se sorg die kanon was, gesê dat hy, teen alle koste, sy stuk moes gered het. En tog was daar seker diep in die siel van die Hoofdkommandant 'n gevoel van verligting dat hy nou nie meer die las sou hê van 'n kanon waarvoor hy nie een enkele granaat meer gehad het nie.

Nou moes dit verder voort na die Oranjerivier toe. In die aanhoudende reën plas die perde deur die modder, totdat die kommando in die aand aan rande kom omtrent twee myle van die drif by Odendalstroom. Daar het die burgers, so goed as hul dit kon doen, tussen die bossies op die nat grond gaan rus soek. Dwarsdeur die nag hoor hulle en voel hulle, as hulle elke keer wakker word, die druppels van 'n sagte reën, wat hulle al natter en natter maak. Maar dit, weet elkeen, moet hy verwag as hy met Christiaan de Wet trek. Daar is ook geen klag van een enkele burger nie.

Die volgende môre word dit ontdek dat die Oranjerivier vol is! Geen kans is daar om met die

drif van Odendalstroom deur te kom nie. Ook is daar aan die suidekant 'n Engelse mag.

En agter die kommando—daar kom al nader en nader groot troepemagte van die vyand, onder generaal Charles Knox, gewapen ook met grofgeskut.

Die plan om hier deur die Oranjerivier te gaan en die Kaapkolonie in te dring, is dan verydel Generaal De Wet sien dat daar vir hom niks anders is as om om te draai en nou te sorg om weer aan die noordekant van die Caledonrivier sonder versuim te kom nie.

Maar nou moet hy verneem dat dié rivier ook intussen onpassabel geword het; en so bevind hy hom tussen twee vol riviere, met 'n groot oormag van die vyand agter hom.

Maar die Caledon moet hy deur!

Hy ruk derhalwe op, met die doel om oor die brug by Kommissiedrif te gaan. Daar vind hy uit dat 'n sterk Engelse mag die brug in besit het. Hy sal dan nou met die rivier op verder trek: Dit kan wees dat dit na boontoe minder gereen het, en dat die rivier hoe hoër, hoe minder water sal hê. Wat is daar toe 'n gewig van sy hart gelig toe 'n man wat hy gestuur het om te sien hoe dit met die rivier gesteld was, hom kon rapport bring dat dié aan sak was.

Voort gaan die burgers nou. Baie van hul is te voet, omdat hul hulle swak perde moes agterlaat. Maar of dit te perd of te voet is, die manskappe trek al wat hul kan, en in die namiddag van 8 Desember is almal deur die Caledon met Lubbesdrif, naby Sewefontein, die plaas van Kruppel Koos Swanepoel. Daarna is dit verder voort in die rigting van Dewetsdorp.

Sy plan om in die Kaapkolonie in te trek, wou generaal De Wet tog nie opgee nie, al het hy teespoed aan Odendalstroom gehad. Daarom was dit nou sy plan, as die perde 'n bietjie gerus het, om met dieselfde kommando weer 'n poging te doen om sy doel te bereik. Maar dit het die groot troepemagte agter hom vir hom onmoontlik gemaak. Hy is meedoënloos en onophoudelik agtervolg geword. Dikwels was die Engelse so naby, dat hulle Maxim-Nordenfeldt die agterhoede van die kommando kon bestook. Generaal De Wet moes dan gedurig posiesie teen die perde-ruiters wat vooruit opgeruk het, laat inneem, en hulle teëhou totdat voetgangers en die burgers met swak perde buite gevaar was. So het dit vegtende gegaan oor Helvetia, Dewetsdorp, Daspoort tot na Rietfontein.

Op Rietfontein het die kommando's 'n bietjie kan rus; maar op 13 Desember kom die bevel om op te saal.

Die Hoofdkommandant het met generaal Philip Botha hier agtergebly, om die agterhoede te help.

Wat 'n nag was dié nag van dertien Desember! Die perde was honger en uitgeput, en dit gaan stadig—so stadig! Daar lê Swartlapberg op die gesigseinder; en hy wil maar nie naderkom nie—so langsaam vorder die kommando.

Dit word middernag, en die vrees begin menige burger te bekruipe dat Sprinkaansnek, waar die kommando deur moet, nie bereik sal word voordat die lig van die dag die burgers sal blootstel aan die vuur van die forte aan weerskante nie. En so gebeur dit ook. Die berg was nog nie bereik nie toe dit in die ooste begin te lig; en dit is eers nadat die son 'n rukkie op is, dat die kommando aan die hange aan die voet van Swartlapberg verbytrek, na die nek toe. Dit is

stil. Die burgers begin mekaar te vra of die kommando miskien nie sonder 'n skot sal deurkom nie—en dit ook te meer omdat die Bethlehemse burgers, onder kommandant Michal Prinsloo, die nag deur die Hoofkommandant vooruit deur die Nek gestuur is. Ja, dit droom die burgers toe daar skielik op die môrelug 'n kanonskot knal, en 'n granaat bars op die voerpunt van die kommando. Dit is nou bom op bom van die forte aan Swartlapberg. Perderuiters en voetgangers, die enkele karretjies en waens wat daar is, saai nou na die weste weg, en kom eers tot stilstand toe hulle in die vlakke buite bereik van die kanonne is.

Generaal De Wet is nog in die agterhoede. Maar president Steyn sê dat die burgers deur moet; en generaal Piet Fourie neem die bevel en lei die kommando. Hy peil reg op die Nek af. Almal volg hom. Dit gaan soos 'n sterk, onweerstaanbare stroom vooruit—tussen die forte, twee aan die regterhand aan Swartlapberg, en drie links. Van weerskante word die kommando bestook uit die forte, maar dit gaan al verder vooruit, en die Nek kom al nader. Generaal De Wet kom nou hier van agter by die kommando aan. Hy sien dadelik hoe sake staan; en waar hy nou by die voorste burgers kom, is dit dat hulle net deur die forte is. Hy beveel dat die burgers op 'n bultjie by 'n Kafferkraal posiesie sal inneem, en op die forte regs en links skiet. Dit bring die soldate in die forte heelwat tot besinning, en die burgers wat nog aan kom is, word nou nog ernstig beskiet—maar nie so geweldig as straks nie.

So stroom die lang streep oor die Nek. Die geweerskote knal, die koeels fluit langs die ore verby, die bomme bars op die grond. Twee ure lank duur

dít. En wat is die ondervindinge van die manskappe! Party gaan kalm, met beslistheid op die aangesig, deur, ander is met skrik vervul, en laat alles agter—reenjasse, wat nou so onmisbaar is, komberse, kos—alles—as hul net hul lewe kan behou. Maar die end is dat almal deurkom. Dít is wat generaal De Wet daarvan te boek gestel het: „En—daar is maar net een van ons gewond. Dit is alleen toe te skryf aan die beskikking en onweerstaanbare beskerming van die Almagtige God, wat Sy hand genadiglik oor ons gehou het.”

Generaal De Wet verhaai dat die ambulans van dr. Fourie aangehou is deur die vyand. Op die ambulanswa was die Hoofkommandant se seun Izak en ander, wat aan masels siek lê. Toe die soldate die wa nou wou gaan ondersoek of daar kontrabande op was, deel dr. Fourie mee dat hy pasiente daarop het, wat aan masels siek lê. Die order van die offisier aan hom is dadelik: „Go on!” Generaal Knox het vir dr. Fourie 'n brief gegee aan die Hoofkommandant, waarin hy meld dat hy jammer was dat hy nie alle besonderhede kan gee van die ramp wat oor kommandant Hasebroek gekom het nie, maar dat hy dit kan meedeel dat „Colonel White is giving him h—l.” Pas het generaal De Wet die brief in hande, of die eerste burgers van Hasebroek kom daar by hom aan, met die tyding dat Hasebroek sonder 'n skraap deur Ysternek gebreek het. De Wet kon toe antwoord aan generaal Knox stuur dat hy dit seker met belangstelling sou verneem dat Hasebroek ongedeerd deur die Engelse lienies gebreek het.

En hoe het dit gegaan met die eggenote van generaal De Wet vandat daar laas van haar verhaai is dat sy naby Vredefort van alles beroof is wat sy besit het? Sy het kort daarna moes vlug met 'n kar

wat sy geleen het, na die plaas Renosterpoort, aan die Vaalrivier. Daarvandaan is sy na Lindequesfontein, die plaas van David Marx. 'n Tydjie kon sy hier met haar skoonsuster woon in 'n huisie deur Marx aan haar afgestaan. Al die tyd dat sy daar was, het sy op genade geleef. Net eenmaal kon haar man vir haar 'n stuk of ses hamels stuur—maar ook hierdie slagvee kon sy nie behou nie; want kort daarop het 'n klomp Engelse op die plaas gekom en die skape weggeneem. Dit was juis toe haar kinders aan masels, en dié van haar skoonsuster aan koors, in die klein woninkie ly.

Sy en haar skoonsuster is toe agter die soldate aan, en het hulle gesmeek om, al was dit maar één van die skape, aan hulle te gee. Meer as 'n myl het hulle so agter die troepe geloop—maar hulle smeekgebede was tevergeefs.

Toe hul omdraai, sien hulle trek die rookwalme van David Marx se huis uit. Altwee roep onwillekeurig uit: „Ag! Here, aanskou dit tog!” En mevr. De Wet sê: „Laat ons hardloop, want netnou steek hulle ook die huisie aan brand waar die kinders lê.”

Hulle hardloop. Toe hulle op die werf kom, gaan Marx as krygsgevangene verby (hy was, as ongeskik vir krygsdiens, nie op die kommando nie). Aan mevr. De Wet vertel hy in die verbygaan dat hy aan sy vrou gesê het dat so lank sy een mieliepit het, sy die helfte aan haar moet gee. Die troepe het toe aan mevr. De Wet meegedeel dat hulle vir haar ook sou kom haal so gou as die kinders gesond sou wees.

In die aand van dieselfde dag is haar jongste kind—die kind wat in die oorlog gebore is—oorlede. Net ná die begrafnis het generaal De Wet met sy oudste seun en generaal Froneman daar aangekom,

maar lank kon hy nie bly nie; en hy het haar net meegedeel dat hy haar die nag sou kom haal en op 'n betreklik veilige plek bring. Hy het dit ook gedaan. Hy het haar deur die Vaalrivier geneem na Klerksdorp se kant. Daar die kindjie wat die ernstigste siek was, oorlede was, kon dit nou gewaag word.

Maar ook hier was sy nie met rus gelaat nie, en sy moes maar gedurig padgee totdat dit vir haar onmoontlik geword het. Eindelik was die Engelse oral rond, en bevind sy haar „vasgekeer.” Dit was op 'n plaas van Gert van Eden, Delareyskraal. Nadat sy 'n dag of ag daar is, word dit vir haar aangesê dat sy met al die vroue daar op die plaas sou weggevoer word. Dit gebeur ook. Op 2 Desember 1900 is sy op 'n lang-tentbokwa, met sewen-en-twintig vroue met hulle kinders, gebring na Koekemoerspoorwegstasie. Die volgende dag was almal in 'n perdetrok gesit, en aan hulle is vertel dat hulle voedsel sou kry op Potchefstroom, maar dit is nie gebeur nie. 'n Soldaat wat daar wag gehou het, het vir hom oor hulle ontferm. Hy het rondgekyk om te sien dat niemand dit merk nie, en toe gooi hy 'n *hop*¹⁾ en 'n blikkie jam na hulle in. Die vroue wou dit weer uitgooi. Dit het mevr. De Wet afgekeur. „Nee,” sê sy, „hy het nou self niks om vanaand te eet nie. Dis uit jammerte dat hy dit doen. Ek weet wat om met die brood te doen.” Toe het sy dit in stukkies gebreek en aan die kinders gegee.

Die trein is daarop na Krugersdorp. Almal het honger gely, want dit was eers die volgende dag dat hulle vier hopbrode en enige blikkies bief kry. Die dag daarop kom hulle op Johannesburg aan. Eers toe die son wou ondergaan, kan die vroue van die

¹⁾ Bakkersbrood

trok afklim. Mevr. De Wet sê: „Hulle het my en my kinders laat loop deur die strate van Johannesburg; maar dis niks: hulle het my nie verlaag nie, maar verhoog.”

Die *Northwestern Hotel* was vir hulle leeggemaak. Mevr. De Wet sê dat toe sy daar kom, het dit gewemel van vroue en kinders. Die aand het hulle ete bestaan uit blikkies bief, wat op die blad van 'n lang tafel, klompies-klompies, uitgeskud was. „Maar ons was te bly,” het mevr. De Wet gesê, „om dit te kry, ook op dié manier, want ons was honger.”

Dit het later gelukkig beter gegaan toe dit aan haar toegelaat was vir 'n tyd lank op haar eie in 'n klein huisie te woon.

Neê maande daarna—om nou van al haar wederwaardighede nie te verhaal nie—is sy na die Vrouekamp op Pietermaritzburg gestuur. Dit het nou ordentlik gegaan. Sy het met haar kinders 'n afsonderlike koepee op die spoorwegreis gehad, en van die stasie is sy met *ricksha's* na die kamp gebring. Sy het toe daar moet betrek 'n hut van seilmure en 'n sinkdak; en daarin sou sy tien maande moet deurbring.

HOOFSTUK XV

TWEDE INVAL.

Nog was generaal De Wet van Knox nie verlos nie. Hy het hom goehartig „sy ou vriend generaal Charles Knox ” genoem. Dié Engelse generaal wou tog alte graag, waar so vele gefeil het, die eer behaal van De Wet in hande te kry. Die volgende twee maande sou ons Hoofkommandant dan ook ondervind hoe ongenadig „sy ou vriend ” hom op die hiele sou volg.

Knox het die Boere ná die ontkoming deur Sprinkaansnek agtervolg tot in die nabyheid van Senekal, waar daar klein gevegte plaasgevind het.

Maar die Kersdag van 1900 kon tog aan Tafelkop in stilte deurgebring word.

Dit was in hierdie tyd dat generaal De Wet vir generaal Froneman gestuur het om die opgraving te doen van die ammunisie by Rooiwal, waar daar bo melding van gemaak is. Dit word nou hier gemeld, nie alleen om die juiste tyd van die opgraving te boek te stel nie, maar ook iets te sê van die vlug van die vroue voor die „vlieende kolomme ” van die Engelse. Wat oorsaak daarvan was dat generaal De Wet moeite gehad het om waens te kry om die ammunisie te gaan haal, was dat die vroue die waens wat daar nog was, moes gebruik om mee te vlug, want die vyand het die meeste waens by die plase gaan wegneem, of hulle daar verbrand.

Watter bittere dae was dit vir die vroue toe hulle so op die vlug was, moes die Generaal dikwels sien as hy op die plase kom nadat die verwoestende kolomme verby was. Dit het elke maal so gebeur:—As die vroue hoor van naderende kolomme van die Engelse, wat daarop uit is om huise af te brand, en vroue en kinders weg te voer na konsentrasiekampe, dan pak hulle so veel as hul kan, van hul kos en klere en huisraad op die waens, wyk regs of links, al na die kans is om uit die hande te bly. Meestal moes dit in die nag gebeur. Dan, as die verwoesters verby was, het die vroue teruggegaan na hulle woninge, om te vind dat hulle geen woning meer het nie. Daar het hulle dan die mure sien staan. Alles was verwoes—geen hoender was oorgebly. Niks sou hul nou hê as wat hul op die waens gelaai het. Hulle moes nou uit die puin van die afgebrande huis die sinkplate raap, en dié skuins teen die muur sit. Daaragter het hul gaan woon. Generaal De Wet verhaai dat „die verwoesting van dag tot dag erger en wreder toeneem het—maar die boervrou—sy het die moed nie opgegee nie! Nee, want toe die vangs van die vroue, of, liever, die oorlog teen hulle en teen die besittings van die boer begin het, het hulle hulle op die bittere vlug begeef, om tog buite die hande van die vyand te bly As dan 'n kolom 'n plaas nader, selfs in die nag, in alle wind en weer, moes menig jongdogter die tou neem en die moeder die sweep, of omgekeerd. Menige knappe, welopgevoede dogter het te perd gery, en het die vee aangejaag, om so uit die hand van die vervolgers, so lank as dit moontlik was, te bly, en nie weggevoer te word na die konsentrasiekampe nie.”

Teen die einde van Januarie 1901 het generaal De Wet sy tweede poging aangewend om in die Kaap-

kolonie 'n inval te doen; en president Steyn is hierdie keer weer met hom mee. Dit het met hierdie tog in sover beter gegaan, dat De Wet werklik in die Kaapkolonie gekom het, maar anders het dit in rampspoed die eerste ver oortref. Hy kon sy poging nie so ver verwesenlik sien nie dat hy kon opereer in die Kaapkolonie, allereers weens die ernstige perdekwessie wat daar ontstaan het; en, ten tweede, ten gevolge van die teespoed wat hy moes ondervind van die swaar reens wat daar geval het. In verband met die perde, het hy ontdek, toe hy in die suidelike en westelike dele van die Vrystaat kom, dat al die gras wat na die reens in Desember pragtig gegroei het, deur die sprinkane verteer was. Die perde het toe spoedig afgeval; en toe dit van tyd tot tyd swaar reën, was dit onmoontlik met die perde by te kom, soos dit anders die geval sou gewees het. Van begin tot end is De Wet ook geteister geword deur troepemagte van die Engelse, wat sy manskappe wel tienmaal in getalle oortref het.

Generaal De Wet het met sy tog begin aan Doringberg, nie ver van Winburg nie, op 26 Januarie 1901. Tussen Sannaspos en Thaba 'Nchu het hy getrek, nadat hy die wagte uit twee forte gedryf het.

Hy het toe, deur kleinere magte van sy kommando in die rigting van Odendalstroom te laat opruk, die skyn gegee asof hy daar weer wou deurgaan; en toe is hy ten noorde van Philippolis na die Oranjerivier, waar hy veilig op 10 Februarie met Sanddrif deurgesteek het. Die Engelse het spoedig uitgevind waar De Wet was, en van alle kante het hulle nou agter hom hulle magte saamgepak. Dit het veroorsaak dat hy nie die koers kon inslaan wat hy van plan was om te vat nie. Hy moes maar gedurig swenk, nou na die een, dan na die ander kant, totdat hy ten laaste maar

reguit vorentoe moes, gedrewe deur sy onverbiddelike agtervolgers. Op dié manier is hy voortgegaan, totdat hy enige dae ná hy deur die rivier was, tussen Philipstown en Petrusville vir hom bevind het. Hy het ook, gaandeweg, krygsgevangenes gemaak, en nou het hy, met al sy ander sorge, ook die las van neëntig soldate met hom mee te neem. Hy het die trek voortgesit totdat hy tot stilstand gebring was deur 'n groot vlei. Wat 'n ellende het hierdie vlei nou in die lewe geroep! Hy wil oor die spoor êrens naby Houtkraal—en daar lê die vlei nou voor hom.

Laat generaal De Wet self verhaal hoe dit hier gegaan het :

„Ons moes nog hierdie nag deur die Moddervlei gaan. Deur die geweldige reen wat in die namiddag geval het, was die vlei, wat omtrent 'n duisend tree breed is, bedek kniediep, en op sommige plekke nog dieper, met water. Maar die water sou nie die groot saak gewees het nie as dit nie was dat die blad van die vlei so sag was dat die perde in die aarde soms tot aan hulle knieë ingesak het nie. Daar moes ons nou—1,400 ruiters—deur. Vele van die burgers het hul ewewig deur die spartel van hulle perde verloor, en het in die modder gesak, en menigeen moes van sy arme, verswakte dier afklim en hom deur die vlei lei. Dan was daar 'n oneindige gesukkel met die kanonne en die paar waens, wat ek gehad het Eindelik was ons deur—ook 'n trolliewa en die waentjie met my dokumente en papiere. Maar die ammuniesiewa en die waens waar die meel op was, het blystaan op die oomblik dat hulle in die vlei gekom het. Dit was 'n nag om nooit te vergeet nie.”

De Wet is toe met die kommando so spoedig moontlik voort na die spoor. Toe dit begin te lig, het hy sonder ongeval daaroor gegaan.

Die Engelse het dit nie gewaag om die daad van Christiaan de Wet na te doen nie. Hulle het vir hulle verplig gevind om die vlei om te trek, en daardeur het die kommando tyd gewin. Wes van Hopetown het hy nou in die rigting van Strydenburg koers gehou, en die volgende dag was hy, in die aand, omtrent twee uur te perd noordwes van die dorp. Intussen het die Engelse nader gekom. Hulle was wat die spioene genoem het „tromp-op.” Daarom moes generaal De Wet elke maal die burgers met die beste perde laat posiesie inneem om die voorste ruiters van die vyand 'n bietjie terug te hou totdat die kommando sou kan vooruitkom. Dit was die geskiedenis van elke dag. Die spanning was, soos dit te dinke val, geweldig, en tog was die gees onder die burgers buite alle verwagting goed. De Wet sê in sy boek : „Die burgers wat ek met my gehad het, was van die regte stempel, wat alles ten offer kon bring vir die vryheid van die volk. Hulle kon antwoord op die vraag of daar nie 'n end sou kan kom aan alles wat ons te verduur gehad het nie, dat geen honderd Moddervleie hulle sou kan afskrik nie—ja, dat die vryheid iets was van sulke waarde, dat die wêreld, van die bestaan van die mensdom af, daar geen prys voor geken het nie.”

So gaan dit voort, voort, voort!

De Wet sou tog hierdie agtervolgende Engelse ontkom het, en vir Knox, soos hy dit aan Broadwood gedaan het, „uitgemarseer het”—as God dit nie anders gewil het nie! Dit het hy uitgevind op 20 Februarie. Hy kom op dié dag aan die Brakrivier, op 'n punt twee uur te perd ten suidooste van waar

hy in die Oranjerivier vloei. Die rivier is vol—vol tot aan sy walle toe! Die groot golwe rol een oor die ander. Daar staan die mense op die woedende stroom. Geen kans ter wêreld is daar om daardeur te kom nie.

Die Oranjerivier kan De Wet ook nie deur nie: hy is ook vol.

En die Engelse? Kommandant Hasebroek het netnou aan die Hoofkommandant gerapporteer dat hulle vinnig aan nader is. Die kommando kan ook met Brakrivier nie op nie, want dan sal hy in die volle gesig van die vyand wees. Voorwaar, as daar ooit 'n haglike oomblik in De Wet se lewe was, dan was dit nou—nou dat die vyand daarvan seker was dat hy sy prooi vasgekeer het. Wat kan hy doen?

Hy sien dadelik sy uitredding: dáár lê die voorste gedeelte van 'n hoë rand tussen hom en die Engelse. Hy moet om die rand dadelik terug, sodat daardie rand tussen hom en die Engelse is—maar dit moet in die duisternis geskied. Aandoenlik is wat De Wet te boek gestel het van sy verpligtinge aan die nag: „Josua van ouds het in sy dae gebid dat die dag mog verleng word. Hier was dit anders: Ons kon dank dat die dag verbygegaan en die dag ingeval het vóórdat die magte agter ons die rand sou kan bereik, van waar hulle kan sien hoe ons trek.”

Die aandskaduwees het geval; en toe is De Wet terug. Die nag was donker—so donker, sê hy, soos hy ooit beleef het; en dit was tot sy voordeel. Hy het in die swarte nag stil getrek, en was die volgende môre nie alleen ver agter die Engelse nie, maar ook buite gesig, terwyl hulle nou vooruitruk in teenoorgestelde rigting om hom tussen die twee riviere in te sluit.

So is hy uitgered; maar by die uitredding was daar bittere teleurstelling—sy tweede teleurstelling! Mog hy sy doel om in die Kaapkolonie die stryd te voer, dan nie bereik nie?—Nou moet hy maar weer probeer om deur die Oranjerivier te gaan, en só terug na die Vrystaat.

Deur die rivier moet dit verder na boontoe, want hy is, soos bo vermeld, hier vol. Hy ontdek spoedig dat hy maar nie 'n drif kan vind nie. Elke maal as hy by 'n drif kom, is die rivier daar ondeurwaadbaar.

So breek 23 Februarie 1901 aan—die gedenkdag aan die onafhanklikheid van die Vrystaat! Die dag kan hy nie vergeet nie, maar onder watter treurige omstandighede moet hy hom beleef, maar hy het meegedeel dat hy ook 'n wonderlike dag was. Daar was nou weer hier, soos enige dae tevore op die wal van Brakrivier, 'n groot uitredding. Hy wou wes van Hopetown, maar daar hoor hy van troepemagte in sy weg; en as hy oos sou omgaan, sou hy van die dorp kan gesien word. Maar die verlossing is weer daar—die duisternis!

In die nag het hy, sonder van die dorp gesien te word, oos verbygetrek, en was alweer, toe die rooi-dag breek, buite gesig.

Hy het gedurig poginge gemaak om deur die rivier te kom, sonder gunstige uitslag, totdat hy weer by Sanddrif gekom het, waar hy deurgetrek het in die Kaapkolonie. Maar hier is Grootrivier ook nie hom goedgunstig nie—hy moet hoër op. Eindelik kry hy die kans by die vyftiende drif waar hy geprobeer het vandat hy by Brakrivier omgedraai het. Hierdie woorde het hy oor die wonderlike uitredinge en teleurstelling van sy tweede poging om in die Kolonie in te val, en ook oor die hele oorlog, neergeskryf:

„Wat het ons tog verduur! 'n Ieder moes verbaas staan en uitroep: „Kan dit moontlik wees?“ „Was dit om te kan uthou?“—of, daar ek net maar aangestip het, sal die leser sê: „Dit was tog so erg nie!“ Laat my u dan, waarde leser, vra om vir u die hele toestand te probeer voor te stel: Engeland se groot mag staan teenoor twee, in vergelyking met Europese lande, byna onbevolkte Republieke. Dié groot ryk gebruik teen ons, behalwe sy eie Engelse, Skotse en Ierse soldate, nog vrywilligers van die Australiese, Nu-Seelandse, Kanadese en Suid-Afrikaanse Kolonies. Hy huur teen ons swart en wit, en—die ergste van alles—hy rui nog van ons eie volk, die *National Scouts*, teen ons op. Dink verder daaraan dat alle hawens vir ons afgesluit was, en dat daar tot ons also geen toevoer was nie. Kan u dan nie sien nie dat die hele geskiedenis 'n Godswonder is van begin tot einde—'n Godswonder vir iedereen wat dit van buite beskou het, maar nog meer vir hulle wat daar ooggetuie van was? Tog, hoe dit mag wees, moet ek nogmaals verklaar dat as dit nie vir die *National Scouts* en die menigte van Kaffers was nie, sou die sake dan, na alle menslike oordeel, anders afgeloop het. Maar dit is nou so afgeloop, en alles wat nou kan gesê word, is dat ons gedoen het wat ons kon—en van iemand meer te vorder as sy plig te doen, kan eenvoudig nie. Laat elkeen dan sy hand op die mond lê en sê: „God het dit so wil hê—Sy naam sy geloof!“ ”

HOOFSTUK XVI.

PROKLAMASIES VAN DIE ENGELSE.

Van die maand Maart tot diep in die winter het generaal De Wet veel te doen gehad met rondry van kommando tot kommando. Hy moes alles so organiseer dat die burgers gedurig, deur die stoor van die kommunikasies van die vyand en op ander maniere, aan die vyand so veel afbreuk sou doen as moontlik.

Die nood het nou ook al hoër begin te klim. Met die verwoesting van die huise deur die Engelse, die wegvoer of doodmaak van die vee, en die verbrand van mielies en koring, het alles skaars geword. Koffie, tee en suiker was dinge wat niemand ooit meer gesien het nie. Maar die burgers het planne gemaak—lankal—om voorsiening hierin te maak. Van gebrande mielies en koring het hulle 'n aftreksel berei wat die plaas van koffie moes inneem. Dan het generaal De Wet ook gespreek van die klerenood. Die burgers was verplig om hulle broeke met leer te lap. Hulle het dan sou 'n kledingstuk 'n „gepantserde” broek genoem. Hulle was ook verplig om die toevlug tot „uitskud” te neem. Hulle het die krygsgevangenes uitgeklee—„hulle uitgeskud”—en die klere van hulle geneem. Die vyand het dit ook gedaan, op 'n ander, maar meer baldadige manier. Hulle het die klere wat die burgers in hul huise agtergelaat het, verbrand, en die velle wat in die looierskuipe gevind was, het hulle stukkend gesny. Dit was nou tog nie, sê generaal

De Wet, te erg as die burgers met gelyke munt betaal het deur die troepe uit te skud nie—veral waar daar geen ander manier bestaan het waarop hy hom met klere kon voorsien nie.

Lord Kitchener, moeg van die onvermoeide plaag en trette van die Boere, het nou probeer om op 'n ander manier 'n einde aan die stryd te maak. Hy het gesoek om dit te doen deur die idee in die gemoed van die leiers van die volk te laat wortel skiet dat die stryd wat hulle aan die gang hou, 'n hope'lose was. So het hy 'n vredesvoorstel aan generaal Louis Botha gedoen.

Generaal De Wet het van die Kommandant-Generaal van die Transvaal 'n brief ontvang waarin die besonderhede van die voorstel ingesluit was. Dit was die „Middelburgse Voorstel.”¹⁾ Generaal De Wet het hierdie brief aan president Steyn gestuur; en kort daarop het hy vir generaal Botha (teen die einde van Maart) ontmoet. Van hom het hy gehoor dat hy 'n onderhandeling met Kitchener gehad het, maar dat dit op niks uitgeloop het nie. Die twee leiers van die Republikeinse Strydmagte het toe ooreengekom om met krag die stryd voort te sit.

Maar die onderhandelinge met lord Kitchener was hiermee nog nie ten einde nie. Teen die end van Mei het president Steyn vir die Hoofkommandant ontbied om na hom te kom. Toe hy by die President aankom, toon die President hom 'n brief²⁾ waarin die Regering van die Transvaal wys op die gedurige neerlê van wapens klompies burgers, die uitputting van die ammuniesievoorraad, die verswakking van die gesag van die Regering, die verbrokkeling van

¹⁾ Sien Bylae A

²⁾ Sien Bylae B

die volk, waardeur alle hoop op herlewing van die volksgees in die toekoms sou kan verlore gaan, en, eindelik, die reg van die volk om te kan eis dat die Regering sou verklaar of die stryd met goeie gevolge kon voortgesit word. Met die oog op hierdie sake, vra die Transvaal of dit nie goed sou wees dat daar aan lord Kitchener sou versoek word dat hierdie toestand van die land aan president Kruger in Europa sou bekendgemaak word nie, of, as dit nie sou toegestaan word nie, dat daar dan 'n wapenstilstand sou gevra word, om te verneem wat die volkswil in die saak is.

President Steyn het op 15 Mei 'n antwoord aan die Transvaalse Regering gestuur, waarin hy sy teleurstelling uitgedruk het oor die brief van die Transvaalse Regering. Die teespoede wat daar in die Transvaal was, het die Vrystaat ook oorval, maar elke dag het die Vrystaat dit meer en meer te bowe gekom. Wat die vraag betref, Watter vooruitsig daar was om die stryd voort te sit? het president Steyn op sy beurt gevra: Watter vooruitsig die twee Republiekies gehad het toe hulle met die stryd begin het? Die stryd was in vertroue op God begin, en as dit in dié vertroue begin was, waarom sou die volk nou nie volhard in sy steun op God nie? In verband met die herlewing van die volksgees in die toekoms, waarvan daar in die brief van die Transvaal gewag gemaak was, het hy gesê dat as aan alle vertroue van Afrikaner op Afrikaner die nekslag sou gegee word, dit dan 'n hersenskim sou wees om daaraan te dink „dat ons daarna weer sou opstaan. As ons 'n volk wil bly, dan is dit nou die tyd om dit te doen” Hy was op die voorstelle gedaan deur die Transvaalse Regering teen. Hy het sy brief met hierdie woorde geëindig: „Al hierdie punte laat my geloof dat ons 'n volksmoord

sal begaan as ons nou sou ingee. Broeders! staan dus nog langer vas! Maak tog nie dat ons ly en stry in die verlede vergeefs is gewees, en dat die vertrouwe op die God van ons vadere tot spotterny word nie. Spreek u swakke broeders moed in."

Hierdie korrespondensie het nuwe moed aan die Engelse gegee, en die oortuiging in hulle opgewek dat die eenheid van sienswyse wat daar vroeër was, nou nie meer bestaan het tussen die twee Regeringe nie. Daarin het hulle dit egter mis gehad.

Daar is nou deur president Steyn besluit om na die Transvaal te gaan om die sake met die Regering daar te bespreek.

Ná enige wederwaardighede, onder ander 'n ernstige botsing met die Engelse op Graspan, naby Reitz, op 6 Junie, het die President en die Hoofkommandant in Transvaal gekom, en met die Regering 'n onderhandeling gehad. Daar is toe hartlik ooreengekom om met die oorlog met vernude kragte aan te hou. Op die terugreis het generaal De Wet en president Steyn van mekaar gegaan op Villiers. Toe De Wet 'n tydjie daarna aan Doringberg was, kry hy die tyding dat die President 'n seer noue ontkoming op Reitz op 11 Julie 1901 gehad het. Dit was 'n kordaatstuk van die President om te ontkom waar sy hele staf gevange geneem was. Toe generaal De Wet hom weer ontmoet ten weste van Reitz, het sy blydschap ten toppunt gestyg. Hy het toe skikkinge gemaak dat daar 'n ander lyfwag vir die President sou gevorm word van 30 burgers, met kaptein H. van Niekerk as kommandant.

Toe onderhandelinge niks baat nie, het die Engelse ander middele beproef: Hulle het nou 'n vrees-aanjaende proklamasie oral rond gestuur. Die

Hoofdkommandant het 'n brief van Kitchener ontvang, met die proklamasie ingesluit, ¹⁾ waarin hy nou die lede van die Regeringe en die offisiere met verbanning bedreig.

Generaal De Wet het kort en bondig nagenoeg as volg geantwoord:

„Eksellentie!

Ik erken de ontvangst van uw Eksellentie's schrijven, waarin gij sloot uw proklamatie d d. 7 Augustus. Ik en mijn officieren geven uw Eksellentie de verzekering dat wij maar één doel hebben waar wij voor vechten, namelijk onze onafhankelijkheid, die wij nimmer zullen prijsgeven!”

Die vrees wat daar verwag was, wat die proklamasie sou aanjaag, het nòg offisiere nòg manskappe bevang. Baie burgers het met veragting daarvan spreek, die meeste het dit geignoreer. „Die 15de September,” sê generaal De Wet, „was dan bepaal deur lord Kitchener as die laaste dag waarop lede van die Regeringe en offisiere vir hulle moes oorgee. Die Presidente en Opperbevelhebbers van die Transvaal en die Oranje-Vrystaat het geantwoord dat hulle tog met die oorlog sou aanhou; en wat onmiddellik daarop gebeur het, het gedien as seel op wat hulle geantwoord het. Dit was drie slae—die slag van generaal Brand op Vlakfontein, van komdt.-generaal Botha op Itala, en van generaal De la Rey in die weste van die Transvaal.” Hy sou ook sy eie slag op Groenkop kon genoem het.

¹⁾ Sien Bylae C

HOOFSTUK XVII.

GROOT KRALE.

Die Engelse het nou op nog ontsettend groter skaal as totnogtoe die metodes van vernieling en verwoesting uitgevoer. As hulle op plase kom waar daar vee was, het hulle weggeneem al wat hulle kon, en wat hulle nie kon meevoer nie, het hulle afgemaak. Troppe van beeste en perde het hulle op hope doodgeskiet, en hele kuddes van skape doodgesteek. Die getalle van skape was somtyds so groot, en met die doodsteek het dit dikwels so wreedaardig toegegaan, dat as die Boere kort daarna by die doodmaakplekke kom, hulle nog lewendes onder die dooies vind. Verskriklik was dit. Daar was nou ook geen enkele woning wat op die weg van die kolomme gelê het, wat gespaar gebly het nie. Die renevasie was skrikwekkend.

Dan het die vyand blokhuislyne deur die land gespan, en hulle het wat die Boere „krale” en hulle *drives* genoem het, georganiseer. Wat die eerste betref, het generaal De Wet daar nie veel van gedink nie. Dit is wat hy daarvan in sy boek sê: „Dit was my een van die onverklaarbaarste dinge dat die magtige Engeland blokhuislyne gaan bou het om die Boere te vang. Hulle het ’n groot geskree in hulle koerante gemaak oor die deugde van die blokhuise, maar hulle het nooit aangetoon waar die blokhuise ’n vangs gemaak het nie. Toe die blokhuise in die

laaste periode van die oorlog die land deurkruis het, het hulle ons meer as eens teen 'n lyn vasgedryf; en ons moes dan ons pad daar deurveg, en ons het dit ook gedoen. Ons het deurgekom met 'n kleiner verlies aan dood en gewond as toe hulle om ons met hulle gekonsentreerde magte 'n kring gevorm het." Hy het dus gemeen dat die krale veel meer doeltreffend was.

Maar wat veel meer te vrees was as selfs die krale, was die nagtelike aanvalle van die Engelse. Van tyd tot tyd het klompies burgers so in die hande van die vyand geval. En hierdie nagtelike aanvalle is doeltreffend gewees, nie omdat die Engelse so behendig in dié nagtrekke was nie. Nooit het hulle in die Engelse Oorlog in die verkenningkuns uitgeblink nie. Dit was altyd die grap wat onder die burgers die grootste genot verskaf het toe daar verhaal was hoe 'n tommie hier en dan weer 'n tommie daar verdwaal het. Nee, dit was omdat die vyand in hierdie nagtelike aanvalle gebruik gemaak het van die *National Scouts*, ontroue Afrikaners, wat elke duim van die land geken het, en presies geweet het hoe hulle dit moes aanlê om hulle eie vlees en bloed wat vir vryheid staan, onverwags in die duisternis of in die skemerlig van die vroeë môre te verras. Dit was die mening van generaal De Wet, soos dit al bo te boek gestel is, en vele het die mening met hom gedeel dat die oorlog anders sou uitgeloop het as die een Afrikaner nie vir die ander ontrou geword het nie.

In die laaste maand van die jaar 1901 het generaal De Wet weer 'n slag wou slaan op groter skaal as die klein geveggies wat gedurig plaasgevind het. Hy het toe 'n kommando van 700 bymekaar-gebring. Sy doel was om op 'n Engelse mag op

Groenkop, op die plaas Tweefontein, tussen Bethlehem en Harrismith, 'n aanval te maak. Nadat hy die Kop goed verken het, het hy op 25 Desember, om tweeuur in die môre, dit bestorm. Daar was 'n skerp geveg, en die Engelse het 'n volslae nederlaag gely. 'n Groot getal het gevlug in die rigting van Harrismith. Die verlies van die Engelse was, behalwe wel 'n honderd dood en gewond, ook tweehonderd-en-veertig wat De Wet krygsgevangene geneem het. Ook het hy in besit gekry een Armstrong-kanon, een Maxim-Nordenfeldt, twintig waens met prowiant, behalwe nog vyfhonderd perde en muile. Hy moes die verlies betreur van sestien gesneuwel en dertig gewond.

Die Engelse het nou hulle magte gekonsentreer om hierdie kommando uitmekaar te jaag. „Ek sien wat julle plan is,” het generaal De Wet by homself gesê; en tot ergernis van die vyand het hy hierdie kommando self ontbind, en elke kommandantskap na sy eie distrik gestuur. Die woede van die vyand het nou al hoer gestyg, en hy het 'n kraal gemaak van die blokhuislyn tussen Bethlehem en Harrismith oor Heilbron en Frankfort tot na Vrede. Die Hoofdkommandant het deur die blokhuislyn Lindley—Kroonstad, sonder opgemerk te word, getrek. So stil het dit toegegaan, dat toe die lyn al 'n hele ent agter die rug was, en 'n burger tot hom kom met die angsvallige vraag: „Generaal, wanneer kom ons dan deur die blokhuislyn?” hy vir hom gerustellend kon antwoord: „Ons is al lank deur!”

Wat 'n gewig het daar van die gemoed van die man geval wat nou moes sien dat wat sy kennis van die veld betref, dit niks was vergeleke by wat sy Hoofdkommandant daarvan geweet het nie.

By hierdie geleëntheid het De Wet 'n stuk of 600 beeste gehad wat hy agteraan die kommando laat aanjaag. Die drywers het in die donker afgedwaal, en eers die volgende môre op 'n ander plek onder so 'n geweldige geskiet deurbreek, dat daar twintig beeste gedood en gewond was. Hierdie voorval het aanleiding gegee aan die valse rapport wat destyds in die Engelse pers verskyn het, dat genl. De Wet 'n groot trop osse voor hom op die blokhuislyn gedryf het om dit te breek en hom also in staat te stel om deur te kom.

Dit het nou nie meer lank geduur nie of die Hoofdkommandant en die President sou 'n onder-vinding moet deurmaak van hoogs ernstige aard. Dit was die beroemde deurbreek op Kalkkrans op 24 Februarie 1902 deur die grootste kraal wat die vyand nog gemaak het. Die Engelse het nl. 'n kordon gevorm van die bloklyn Vrede—Frankfort tot dié van Lindley—Bethlehem. Die hele mag tussen hierdie twee lyne het voorwaarts beweeg in die rigting van Harrismith.

Generaal De Wet was van gedagte dat dit bes sou wees as die President na die Wit Koppe sou opruk, en êrens naby Vrede, of anders by Harrismith, deur die lyn gaan; maar dit duur nie lank nie of hy sien dat daar hiervan niks sou kan teregkom nie. Hy kry nl. berig dat daar 'n ander kolossale kraal deur die vyand gevorm is van Villiers, Standerton, Volksrus en Laingsburg, en dat hierdie kraal nou aan die kraal wat agter hom is, aanlas. Hy het later uitgevind dat die hele kraal uit 60,000 troepe bestaan het. Hy was dan nou met die President geheel ingesluit. Daar was nou geen ander kans as om deur te breek nie.

Spoedig het hy van sy verkenners die rapport gekry dat die Engelse vinnig aan nader was. Hy het toe suidwaarts gewyk, en dadelik weer ooswaarts, aan die linkeroewer van Cornelisrivier op, om buite gesig van die Engelse te bly. Dit het nou geblyk dat dit nie alleen strydbare burgers was wat hier met hom trek nie: hoe verder dit gaan, hoe meer kom daar allerhande soorte van mense by. Daar was persone wat van diensplig gevrywaar was—manne wat weens ouderdom of liggaamlike swakheid op kommando nie kon gaan nie. Dan ook baie kinders—seuntjies van sewe tot dertien jaar oud—ja, kinders—maar waarom dan kinders? Omdat hulle moeders geweet het dat as die seuntjies by hulle sou bly, daar dan gevaar voor was dat hulle as krygsgevangenes(!) sou weggevoer word; en, liever as dit te sien, het die moeders hulle seuntjies na die manskappe toe gestuur, om, onder hewige geweervuur, deur die krale te breek. So was daar dan tog kans dat hulle, na 'n dag of twee, drie, weer terug sou wees. Sulke dinge het in hierdie oorlog plaasgevind!

Dan het dit ook op 'n ander manier daar gewemel. Daar was karre en buggies, en „spiders”; en die wêreld was bedek met die vee van al die plase, waarvandaan die mense vóór die groot optrekkende magte uit gevlug het. Generaal De Wet het gesê dat hy nog nooit in een oogopslag so 'n menigte van vee gesien het nie. Van die agter- tot die voorhoede was dit ses myle lank, één massa van mense, en perde, en beeste.

Op Sondag 20 Februarie het die groot menigte so voortbeweeg. In die namiddag was almal op die plaas Brakfontein. Teen die aand het generaal De Wet bevel gegee om daarvandaan te trek in die

rigting van Kalkkrans, om daar deur te breek wat dit ook sou kos.

„Die son het net ondergegaan toe die groot menigte in beweging gegaan het. Die maan was vol, en nou en dan skiet daar 'n ligstraal deur die rete van 'n donker bank wolke wat op die oostegsigseinder lê. Wat 'n rumoer was daar! Elkeen swoeg vir hom af om sy vee bymekaar te hou, en roep na sy wagter. Die wagters weer skree en fluit om die vee te keer of aan te dryf; en dan klink daar, bo al die geraas, die gebulk van koeie en die geblêr van die vee. Dan, so tussen die gedrang deur, gly daar 'n kar hier deur, en ruk daar 'n perderuiter daar verby. Dit was, soos generaal Hertzog, wat ook teenwoordig was, gesê het, asof 'n pandemonium skielik in die lewe geroep was.

Ná 'n halfuur was alles goed aan die gang, en die beeste, wat nou in orde voortgedryf word, het opgehou om die nag afgrysliek te maak met hulle geloei.

Die Hoofkommandant het bepaal dat daar 'n vleuel regs sou trek en 'n ander links en 'n klein voorhoede vooruit. In die middel, voor, was die President met die Hoofkommandant. Agter volg die grote, bonte massa—mense op *spiders*, en karre, en buggies, en die groot getalle van vee.

Dit het langsaam gegaan, want elke maal moes daar gewag word, sodat die groot agterhoede kon bykom. Ten laaste gaan dit deur Holspruit.”¹⁾

Daar voor is Kalkkrans.

Die voorhoede begin te klim.

¹⁾ Vgl. „Met de Boeren-Commando's”, bladsy 209

Die Engelse was oral. Soos De Wet in sy boek sê: „Ons sou nou nie met een kamp te doen hê nie: ons het 'n leer voor ons.”

Meteens blits daar klein liggies reg van voor, en die geknal van gewere weerklink in die kloof. Baie burgers rug nou om, maar die kommandante Ross en Manie Botha, en kommandant Alberts, van die Transvaal, wat ook hier is, bestorm die vyand op die naaste punt waar hul is. Generaal De Wet probeer met al sy mag om die burgers te keer. Hy slaag daarin om omtrent 250 tot stilstand te kry, om die aangesig weer na vorentoe te rig. Die Engelse skiet nou nie alleen van voor nie, maar ook van die linker- en regterkant. 'n Maxim-Nordenfeldt laat hom ook hoor, maar die manne wat hom bedien, word spoedig neergeskiet, en dit is nou verder 'n geveg van kleingewere. Ná 'n veertig minute is De Wet met die President en omtrent 600 man deur. Maar 1,500 (onder wie die oue van dae en die sieklikes is) bly agter, en van al die duisende van vee is daar nie een daar deurgekom nie. Op 'n ander punt is daar party wagters met 500 beeste deur.

Daar was 'n swaar verlies van 13 dood en 20 gewond. Die gewondes is meegeneem, maar die dooies moes agtergelaat word. Van die gewondes het later twee gesterwe. Met haas het generaal De Wet voortgegaan en op Bavaria, Bothasberg, aangekom kort na sonop.

Die Engelse het nog een dag gebly waar hulle was, en toe is hulle voort. Daar was nou geleentheid om die gevalle burgers te begraaf. Die vyand het dit al gedoen—maar vlak. Kommandant Manie Botha het daarvoor gesorg dat hulle behoorlik ter aarde bestel is—elf in getal.

HOOFSTUK XVIII.

NA DIE TRANSVAAL.

Van Bavaria het generaal De Wet getrek deur die Wilgerrivier na Rondebos. Daar het hy met die President enige dae oorgelê. Hy was hieroor verbly, omdat die perde nou, ná die geweldige trek, 'n bietjie kon rus. Daar was ook hier voer vir die arme diere. Maar die verposing het nie lank geduur nie, want die vyand het nou weer begin te nader—en hierdie keer, soos De Wet dit verwag het, van die kant van Harrismith. Hy het dit geweet dat so lank die President en hy in dié distrikte was, sou die troepe magte van die vyand altyd dié streke teister. Dit is toe besluit dat die President na die distrik Fauresmith of daar êrens in die westerdele van die Vrystaat sou gaan, terwyl hy hom sou begeef na die Heilbronse kommando.

Generaal De Wet het dit besef dat hy sy waentjie nie meer oral met hom sou kan meevoer nie: „Ek moes afskeid neem van 'n troue vriend—my waentjie. Ek het dit nou gesien dat ek hom nie langer met my kon meeneem nie, en dat ek hom ten laaste moes opgee.” Hy het hom op 'n plaas agtergelaat; maar sy dokumente en papiere het hy gebêre in die grot op die plaas van genl. Wessel Wessels, waar hy ook die ammunisie van Rooiwal weggesteek het. Die grot is twee dae later deur die Engelse ontdek, en beide ammunisie en dokumente weggeneem.

Saam met hom het die President van Rondebos getrek in die rigting van die Frankfort-Heilbronblokhuislyn. Nog op weg daarheen het hy op een van die afsaalplekke die koers bespreek wat die President sou moet neem. Daar was die kommandant van president Steyn se lyfwag, H. van Niekerk. Generaal Hertzog en 'n paar ander was ook aanwesig. Generaal De Wet bedui toe aan die kommandant hoe dit bes sal wees om te trek, maar waarom, word daar gevra, sal die Hoofkommandant nie meegaan nie? Dit kan hy tog nie doen nie, gee hy antwoord, want dit sal die skyn dra asof hy van die vyand vlug. Generaal Hertzog wys nou daarop dat die teenwoordigheid van die Hoofkommandant baie nodig is in die weste van die Staat, en die ander lede van die Uitvoerende Raad het opgemerk dat as generaal De Wet 'n bietjie weg was van die noord-oostelike distrikte, die mense daar 'n weinig rus sou hê; en hulle sou dit glad nie kwalik van die Hoofkommandant neem nie, maar 'n soort van blydschap ondervind dat hy 'n tydjie afwesig sou wees.

En wat het daar nou gebeur? Iets wat niemand sou verwag het nie. Die onversetlike man, wat nooit 'n oomblik ken waarin hy nie dadelik weet wat hy moet doen nie, sê aan die klompie daar rondom hom:

„Nou dan laat ek die saak in julle hande: Besluit julle.”

Natuurlik was elkeen daar gereed om die verantwoordelikheid op hom te neem—veral nou dat hy daardeur van die verantwoordelikheid verlos was waarvoor hy terugdeins. Die Hoofkommandant het gebly, en alles in sy hande geneem om president Steyn verder te bring. Wat was tog almal gerus!

Dieselfde aand is die Hoofkommandant deur die blokhuislyn. Met uitsondering van twee skote wat daar geknal het van gewere aan 'n draad wat geknip was, is daar niks gebeur nie, en die kommando het verder vinnig voortgetrek. Die volgende nag is generaal De Wet oor die spoorweg tussen Wolwehoek en Viljoensdrif. Daar was wel op die burgers geskiet, maar sonder dat daar enige ongeval was. Toe is dit voort deur nog 'n blokhuislyn en deur die Valsrivier na Parys. Hier was daar taamlik heftig op die burgers geskiet, maar, behalwe dat daar enige perde agtergelaat moes word, het die kommando veilig sy reis voortgesit, en dit duur nie lank nie of die President bevind hom op die plaas Rietgat, van J. H. Hattingh. Hier het president Steyn besluit om die reis nie voort te sit na die westerdele van die Vrystaat nie, maar om na die Transvaal te gaan. Hy het dit gedaan om twee redes: Hy wou graag met generaal De la Rey raadpleeg oor die plan wat daar bestaan om 'n bode na Europa te stuur; en hy vind dit nou, wat sy gesondheid betref, dat hy geneeskundige hulp moet seek. Hy het naamlik in die laaste tyd aan 'n ongesteldheid van sy oë gely, en daar hy gehoor het dat dr. Von Rennenkampf by generaal De la Rey hom bevind, gevoel hy dat dit nou 'n geleentheid was wat hy nie uit die hande moes laat glip nie. Dan was daar ook iets anders wat na die Transvaal getrek het: die tyding wat hy daar op Rietgat ontvang het van twee aansienlike slae wat generaal De la Rey teen Methuen gewin het—die een op Ysterspruit op 25 Februarie, en die ander op Klipdrif, Hartsrivier, op 7 Maart.

Deur die Vaalrivier het generaal De Wet die President toe gebring. Die goeie drifte was in besit van die Engelse, en die enigste waar hy nou deur kon,

was 'n allergruwelikste, waar 'n voetpad deur die rivier gaan. Hier was dit nie alleen dat daar groot klippe op die bedding van die rivier lê nie, maar die stroom was ook so gerys, dat die perde amper moes swem. Op Maandag het die Hoofkommandant met die President aangekom op Bosmansrus (vroeger Witpoort). Baie hartlik was die Hoof van die Vrystaat ontvang—nie minder as drie adresse is hom daar aangebied nie.

Die derde dag daarna het generaal De Wet afskeid van die President geneem, en het met sy staf vertrek na die westelike dele van die Vrystaat, om daar die generaals Badenhorst en Nieuwoudt te besoek.

Toe hy by generaal Badenhorst was, en hom daar besig hou met planne te beraam vir nuwe operasies teen die vyand, het hy 'n skrywe ontvang van president Steyn, waarin hy ontbied word om na die Transvaal te kom. Dit was in verband met die korrespondensie, waarvan 'n kopie aan hom toegestuurd is, tussen die Nederlandse Minister, baron Gericke, en die Engelse Sekretaris van Staat. Daarin bied die Nederlandse Regering hom aan om as 'n derde party aan die Boere-Deputasie in Europa te vra of hy gewillig was om na Suid-Afrika te gaan om met die Boere die saak te bespreek, en dan na Europa terug te keer met volmag om 'n vredesverdrag te sluit wat bindend sou wees sowel in Suid-Afrika as in Engeland.

Die antwoord van lord Lansdowne het daarop neergekom dat die Engelse Regering van gedagte was dat alle magte van regering, insluitende dié van onderhandeling, gevestig was in president Steyn vir die Boere van die Oranje-Vrystaat, en waarn. president Burger vir die Suid-Afrikaanse Republiek,

en dat as hulle dit sou begeer om te onderhandel, hulle dit kon doen—maar dat dit sou moet plaasvind in Suid-Afrika, en nie in Europa nie.

Waarn. president Burger het in die brief wat hy aan president Steyn gestuur het, aan hom meegedeel dat hy en sy Regering al op Kroonstad was, en dat hy aan Steyn vra waar en wanneer hy hom sou wil ontmoet. In verband hiermee het generaal De Wet dit in sy boek aangeteken: „Toe die Vrystaatse Regering die brief van president Burger ontvang, was die belofte om 'n vredesvoorstel in te dien, reeds gedoen, en dit was moeilik vir die Vrystaat om nou opsy te staan. Dit het die Vrystaatse Regering leed gedoen dat die Transvaalse so meteens gebruik gemaak van 'n vrygeleide en deur die Engelse lenies gegaan het—nie dat die Vrystaat vir 'n oomblik wantroue in die Transvaalse Regering gehad het nie, maar hy het sy handelwys beskou as onpolitiek. Die Vrystaat was nou verplig om nie alleen met die Transvaal die saak te bespreek nie, maar ook met die Transvaal 'n voorstel aan lord Kitchener te doen.”

President Steyn het, in antwoord aan die Waarn. President van die Transvaal, Klerksdorp bepaal as plaas van samekoms; en op 9 April 1902 het hy met generaal De Wet, generaal Hertzog, en die lede van die Regering, daar aangekom.

HOOFSTUK XIX.

VREDESONDERHANDELINGE.

Op die 9de April was die Regeringe van die Vrystaat en die Suid-Afrikaanse Republiek dan bymekaar om te konfereer oor die vraag watter vredesvoorstel hul aan die Engelse Regering sou stuur. Nadat waarn. staatspresident Burger 'n inleidende woord gespreek en generaal Botha 'n toespraak gehou het, waarin hy vertel het dat daar veel was wat hulle met besorgdheid vervul in die Hoefeld van die Transvaal, maar dat die gees onder die burgers oor die algemeen goed was, het generaal De Wet gespreek. Hy het 'n verhaal gegee van die groot vangs van burgers in die laaste groot kraal, wat die vyand gemaak het in die noordoostelike gedeelte van die Vrystaat. Op alles wat met kommer vervul, het hy ook gewys, maar hy moes ook, soos generaal Botha, betuig dat die gees wat onder die burgers heers, uitstekend was.

Generaal De la Rey het gevolg. Soos dit te dinke val, ná sy twee groot slaë het hy met veel opgewektheid gespreek. Ná hy 'n verslag gegee het van die toestand in die westelike dele van die Transvaal, het hy gesê dat hy kans sien om die oorlog nog voort te sit.

Toe president Steyn die woord neem, het hy met groot beslistheid gespreek. Wat homself betref, het hy verklaar dat daar maar een voorwaarde was waarop hy aan vredemaak kon dink, en dit was op

die basis van die behoud van die onafhanklikheid. Sy gedagte was nog dieselfde as 'n jaar gelede, toe die Regeringe besluit het met die stryd aan te hou. Liewer as met die Engelse op 'n ander basis vrede te maak, sou hy onder hulle vir altyd onvoorwaardelik ingaan.

Nadat daar nog beraadslaag is, is dit besluit om lord Kitchener te vra of hy die Regeringe sou wil ontmoet om met hulle die kwessie te bespreek. Terwyl daar nou op 'n antwoord gewag word, is daar toe 'n skema bespreek wat as leidraad van die onderhandeling kon dien. 'n Kommissie het 'n dokument opgetrek, wat daarop neergekom het dat die Regeringe gereed was om met Engeland 'n ewigdurende verbond van vriendskap te sluit.¹⁾

Daar was ook geleentheid om verder die saak te bespreek. Generaal Hertzog het gemeen dat daar met die stryd moes voortgegaan word, en generaal Botha het nou ook sy mening duidelik uitgespreek „Ons word swakker,” het hy gesê. Die kwessie by hom was nie of die offisiere en manskappe in die veld kon aanhou nie. Dit kon hulle, totdat hulle klompie na klompie oorwin sou word. Dit was, het hy gesê, nie die kwessie by hom nie, maar die vraag. „Wat sal daar van die

¹⁾ Die dokument was as volg —

Uitgaande van de basis dat zij de anneksatie niet erkennen, zijn de Regeringen bereid vrede te sluiten met toegeven van de volgende zaken —

(1) Het sluiten van een eeuwigdurend verbond van vriendschap en vrede, waaronder begrepen

a Schikkingen omtrent Tolunie,
b Post-, Telegraaf- en Spoorwegunie,
c Vaststellen van het Stemrecht

(2) Slechting van alle Staatsforten

(3) Arbitrage door arbiters in toekomstige geschillen tussen de kontrakterende partijen door een gelijk getal uit hun onderdanen te worden benoemd, met een eindbeslissing door beide partijen te worden gekozen

(4) Gelyke rechten bij het onderwijs voor beide Engelse en Hollandse talen

(5) Wederzijdse amnestie

volk word ?” Daarom was dit sy mening dat dit nou bes sou wees, terwyl dit nog kon gebeur, om te sien die beste vir die volk deur onderhandeling te kry

’n Telegram het nou gekom van lord Kitchener, inhoudende dat hy bereid was om die Regeringe te ontvang.

Dit lê nie in die bestek van ’n lewensbeskrywing, soos daar hier opgestel word, om nou in al die besonderhede van die geskiedenis te gaan nie. Dit moet darem net aangestip word dat alles by lord Kitchener dadelik gestuit het op die kwessie van die onafhanklikheid van die twee Republieke. Lord Kitchener het, ná raadpleging met die Imperiale Regering, dit duidelik te kenne gegee dat daar geen sprake by die Republieke kon wees van die behoud van hulle vryheid nie. Daarop het die twee Regeringe aan die Engelse bevelhebber dit te kenne gegee dat dit nie in hulle mag was om te kan onderhandel oor die prysgee van die onafhanklikheid nie. dit was ’n saak waaroor die volk alleen kon beslis. Dit is toe aan die Regeringe toegestaan dat daar dertig verteenwoordigers uit elke Republiek sou kan gekies word om oor dié lewenskwessie op 15 Mei 1902 op Vereniging te beraadslaag.

Op 18 April het generaal De Wet en generaal Hertzog van Pretoria vertrek om die afgevaardigdes by die verskillende kommando’s deur die burgers te laat kies, terwyl generaals Botha en De la Rey dit in die Transvaal gaan doen het. Die eerste burgers wat generaal De Wet besoek het, was dié van Vrede. Daar het hulle almal besluit dat die onafhanklikheid sou moet gehandhaaf word deur die afgevaardigdes. So het dit oral in die Vrystaat gegaan.

Op 14 Mei was De Wet met die afgevaardigdes op Wolwehoek-spoorwegstasie. Toe hy daar in die

namiddag aankom, het die stasionchef vir hom gesê dat hy met sy afgevaardigdes dadelik kon voortgaan na Vereniging. „Ek het vir hom gesê,” het generaal De Wet later verhaal, „dat my bestelling op die 15de Mei was, en dat ek nie 'n dag voor die bepaalde dag sou aankom nie. Ek het gevoel dat ek vir die oog van die wêreld moes waak.”

En so het dan ten laaste die 15de Mei 1902 aangebreek, waarop die vergadering op Vereniging 'n aanvang geneem het. Laat daar hier aangeteken word wat generaal De Wet in sy boek oor president Steyn sê. Die woorde van een groot man oor 'n ander groot man het besondere betekenis: „Wat my diep ter harte gegaan het, was dat president Steyn seer ernstig krank was. Hy was toe reeds ses weke onder behandeling van geneeshere, en by name (vandat ons op Pretoria was) onder dié van dr. Van der Merwe, van Krugersdorp. Dr. Van der Merwe het gesê dat as die President die vergaderinge sou bywoon, dit seer nadelige gevolge met hom sou kan meesleep, en hy het dit aangeraai dat hy met hom na sy huis op Krugersdorp sou gaan om daar verpleeg te word. Dit was vir ons 'n bittere dag, die 15de Mei, om dit van die geneesheer te hoor. Wat sou ons sonder president Steyn op die vergadering doen? Dit het ons toegeskyn asof hy ten enemale onmisbaar vir ons was. Want dit het by ons vasgestaan dat president Steyn 'n staatsman was, en daarom was hy deur elkeen hoog geag, terwyl hy teweens deur algar innig bemin was. As dit ooit van iemand kan gesê word dat hy sy plig teenoor sy land en volk gedoen het, dan kan dit van Marthinus Theunis Steyn gesê word. Niks was ooit vir hom te veel nie. Hy het sy volk getrou gedien. Hy het elke las gedra. Hy het reën, koue en hitte nag en dag verduur. In alle druk was hy stil en tevrede. Hy het vir sy nasie gely, totdat hy nie meer

kon nie—totdat die krankheid vir hom neergevel het en hy swak soos 'n kind neergesak het—heeltemal uitgeput en swak soos 'n kind—ja, maar dit alleen wat sy liggaam betref het : sy grote gees was nog so helder, so sterk, so vol moed as ooit tevore''

Drie dae lank is die sake daar bespreek Die toespraak van generaal De Wet was hoofsaaklik as volg.—Hy het daarop gewys dat daar tye van moedeloosheid in die verlede was, maar telkens het die burgers dit te bowe gekom. As daar nou mense was wat vir hulself nie kon sorg nie, dan was dit die plig van ander om vir hulle voorsorg te maak, en met die oorlog voort te gaan. Hy wys op wat daar deur sommige gesê is dat die mense wat met oorlog wil aanhou, geen rekening met die feite wat opgenoem is, hou nie. In verband daarmee verklaar generaal De Wet dat hy niks met feite te doen het nie—dit is 'n geloofsoorlog Hy het met 'n feit te doen dan alleen as hy dié uit sy weg moet ruim Nou is dit die feite waar daar gedurig op gewys word. Dit word gesê dat hulle onoorkoomlik is. Vele raai dit aan die mense wat wil aanhou, dat hulle nie alleen met die hart maar ook met die verstand te werk moet gaan. Nou, as dit gedaan sou word, dan sou dit gesien word dat God met ons in hierdie oorlog was.

Die vergadering het op die derde dag besluit om 'n kommissie na lord Kitchener af te vaardig om voorstelle te doen, wat daarop neergekom het dat vrede sou gesluit word op die basis van 'n beperkte onafhanklikheid. Die kommissie het van 19 tot 28 Mei met Kitchener en Milner onderhandel. Die end van alles was dat die Imperiale Regering daarop aangedring het dat die Burgermagte hulle wapens sou moet neerlê Die terme waarop dit sou gedoen moet word, was saamgevat in 'n voorstel ¹⁾ wat aan die afgevaardigdes moes

¹⁾ Sien Bylae D

voorgelê word, en waarop dit geëis was deur die Britse Regering dat daar „Ja” of „Nee” sou moet geantwoord word

Toe die voorstel op 29 Mei voor die Regeringe eers gebring was, het president Steyn enige opmerkinge gemaak. Hy het vir hom teen die aanneem daarvan uitgedruk—„maar,” het hy daarop laat volg, „ek is as een wat ’n dodelike wond gekry het. Ek kan in die stryd nie meer meedoen nie, en daarom het ek miskien nie die reg om te spreek nie. Ek moet vandag my amp neerlê, en nou is die saak in u hande, en in dié van die volksverteenwoordigers.”

Diep was elkeen geroerd toe hierdie woorde gespreek was, en, kort daarop, was dit ’n slag vir die volksverteenwoordigers toe die treurige berig dat president Steyn moes aftree, bekendgemaak was. In die pouse is generaal De Wet tot Waarn. Staatspresident aangestel, en kort voor drieuur is president Steyn, dodelik swak, vergesel deur dr. W. van der Merwe, van Vereniging weg!

Die afgevaardigdes het die voorstel bespreek van 29 tot 31 Mei. Uit die toesprake het dit geblyk dat waar die Vrystaters nog met die stryd wou volhou, was die Transvalers, met enige uitsonderinge, van mening dat dit hopeloos was om die stryd voort te sit. Generaal Botha het ’n lang toespraak gehou, wat geeindig het met hierdie woorde: „Ek meen dus dat dit vir ons beter sal wees om die terme aan te neem as om ons onvoorwaardelik oor te gee. Ons kelk is bitter, maar laat ons hom nie bitterder maak nie. As ons tot die oortuiging gekom is dat ons saak hopeloos is, dan is dit die vraag of ons die reg het om nog een enkel burger te laat doodskiet. Ons doel moet wees om in die belang van ons volk te handel.” Ook het generaal De la Rey nou die

mening uitgespreek dat daar met die stryd nie kon aangehou word nie.

Generaal De Wet, wat voor generaal Botha gespreek het, was van gedagte dat die sake nie so hope-loos was dat alles moes opgegee word nie. Hy het met hierdie woorde sy toespraak geëindig: „Ek geloof dat ons met die bittere stryd moet aanhou. Deur manmoedig te staan, sal ons ons reg kry. Laat ons volhou en as een man sê. „Ons hou vol—dit kom nie daarop aan hoe lank nie, maar totdat ons ons onafhanklikheid oor ons bevestig kry.’ ”

So was dit duidelik dat die gevoelens nie alleen uitmekaargeloopt het nie, maar dat hulle ook radikaal teenoor mekaar gestaan het. De Wet het later dit gesê: „Ek het van die begin gemerk dat generaal Botha geen kans gesien het om met die oorlog aan te hou nie. Hy het daarop gewys dat die volk gedemoraliseer begin te word. Daar was dus duidelik verskil van opvatting tussen hom en my. Generaal De la Rey was dit met generaal Botha ook nie eens nie. Hy het met nadruk daarop gewys dat sy mense gedetermineerd was om te volhard in die stryd. Dat De la Rey later vir hom anders uitgedruk en gesê het: „Julle kan aanhou om te veg, maar die toekoms is donker en sonder hoop,’ dit is omdat hy gesien het dat die leiers geen moed meer gehad het nie.”

Daar was, nadat daar nog veel gepraat is, twee voorstelle voor die vergadering gelê—die eerste was van generaal Nieuwoudt, gesekondeer deur generaal Brand, om die voorstel van die Imperiale Regering van die hand te wys, die tweede is opgestel geword deur generaal Smuts en is aan die vergadering voorgedra deur generaal P. R. Viljoen, gesekondeer deur generaal H. A. Alberts, om wat die Engelse Regering aanbied, aan te neem.

So was daar twee voorstelle voor die vergadering—een deur twee Vrystaters voorgestel, en uitdrukking gewende aan die Vrystaatse gevoel; die ander voor die vergadering deur twee Transvalers, wat vertolk wat die Transvaalse oortuiging was. So was die gevoelens van die lede skerp verdeeld. Wat sou daar nou gebeur? Sou dit nou daartoe kom dat in hierdie kritieke oomblik in die geskiedenis van die Afrikaanse volk daar 'n skeuring kom, wat tot sy volkome ondergang sou lei?

Maar God het dit verhoed.

Generaal De la Rey en generaal Botha het die môre van 31 Mei na generaal De Wet gegaan en hom aangetoon hoe noodlottig dit sou wees as die volk van die twee Republieke, wat een groot stryd gehad het tot nou toe, op hierdie groot oomblik van mekaar sou geskeur word. Generaal De Wet het toe toegestem om met sy burgers apart die saak te bespreek, terwyl hulle ook dit sou doen met die Transvaalse afgevaardigdes. Dit is gedoen; en toe die volksverteenwoordigers weer byeen was, het generaal De Wet daarop gewys dat daar die tyd wat die afgevaardigdes tot hulle beskikking gehad het, kort was, en dit wenslik was om tot 'n beslissing te kom, hy aan die hand gee dat daar 'n kommissie sou aangestel word, bestaande uit advokate Smuts en Hertzog, om 'n voorstel op te trek, en dat die vergadering 'n uur sou verdaag. Die vergadering het hierdie voorstel aangeneem.

Terwyl die twee manne besig was, het die Transvalers in die tent gebly, en die Vrystaters het na die tent van generaal De Wet gegaan om verder afsonderlik oor die saak te spreek. Een wat teenwoordig was by die Vrystaters, het dit te boek gestel:

„Nooit sal ek vergeet wat ek daar getuie van was nie. Generaal De Wet het aangetoon dat daar geen kans was om met die stryd aan te hou nie, en het gesê dat daar nou nie verdeeldheid moes wees nie, maar dat almal, as dit moontlik was, unaniem vir een voorstel moes stem. Ek sien hom nog, die onbuigbare man, met sy deurdringende oe, sy sterke mond en ken—ek sien hom nog daar, soos 'n leeu in 'n hinderlaag vasgekeer. Hy wil nie, hy kan nie, maar hy moet die stryd opgee.

Ek sien nog die sombere, getrokke gesigte van die offisiere wat tot op daardie oomblik onbeweegbaar was en wat afgevaardig was om die onafhanklikheid te handhaaf. Ek sien hulle nog staan as in die ledige Ek sien op hulle gesigte iets wat onbeskryflik is, gegraveer—iets wat vra: Is dit die bittere einde van ons ly en stry, van ons geloof en ons sterke roep tot God? Generaal De la Rey het op die vorige dag in die vergadering uitgeroep: „U spreek van geloof—wat is geloof?—Here, U wil, nie my wil, geskiede! Ek vernietig my onder Gods wil!—Daar het die sterke manne, wat die volk tot op dié oomblik gelei het, ondervind wat daardie woorde beteken het.

Watter aandoening was dit daar!

Ek het daar die lippe gesien beef van manne wat nooit vir 'n vyand gebeef het nie. Ek het daar tranes gesien wat opwel in oe wat droog was toe hulle hul dierbaarste in die graf gesien wegbêre het.” ¹⁾

Voor die onvermydelike het die manne, met hulle Hoofkommandant, die hoof gebuig. Hulle het besluit om onverdeeld te wees.

Toe hulle weer in die tent kom, het generaal Hertzog die voorstel gelees wat deur generaal Smuts

¹⁾ „Met de Boeren-Commando's,” bls 276

opgestel was en deur die opsteller en homself saam gewysig is. ²⁾)

Nou het 'n Vrystater, kommandant H. P. J. Pretorius, en 'n Transvaler, generaal C. Botha, die voorstel aan die vergadering voorgedra, en dit is met 54 teen 6 stemme aangeneem.

Toe moes nog die laaste toneel afgespeel word: Dieselfde aand word die twee Regeringe met spoed na Pretoria vervoer. Met grote haas word hulle gebring in dieselfde saal waar die kommissie van die volksverteenwoordigers vrugteloos gestry het vir die onafhanklikheid van hul volk.

Hulle neem hulle plase aan die lang tafel.

Aan die hoof sit lord Kitchener en lord Milner, en aan die regtersy die Vrystaatse Regering—waarn. staatspresident De Wet, generaal C. H. Olivier, generaal J. B. M. Hertzog en waarn. staatsekretaris W. C. J. Brebner, aan die linkersy, die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek—waarn. staatspresident Burger, staatsekretaris F. W. Reitz, komdt.-generaal L. Botha, generaal J. H. de la Rey, die heer J. C. Krogh, en oud-generaal L. J. Meyer.

Waarn. president Burger teken die eerste. Dit was vyf minute oor elf in die nag. Ná hom die ander lede van die Transvaalse Regering, toe waarn. president De Wet, en vervolgens die lede van die Regering van die Oranje-Vrystaat.

Lord Kitchener het toe geteken, en, die laaste van almal, lord Milner.

Die stilte was oorweldigend.

²⁾ Sien Bylae E

Ná 'n paar oomblikke staan die lede van die Regeringe van die Republieke, wat nou nie meer bestaan nie, op om die saal te verlaat

Lord Kitchener gaan van die een na die ander en bied vir elkeen die hand: „We are good friends now!” sê hy.

Maar weinig woorde is daar gespreek. So gou as hulle kon, het die manne die saal verlaat.

HOOFSTUK XX.

BESOEK AAN EUROPA.

Mevr. De Wet moes in die kamp op Pietermaritzburg tien maande deurbring. Kort nadat sy daar gekom het, het sy bewys gegee van die onwrikbaarheid van haar wil en die beslistheid van haar karakter. In die vrouekamp het die proklamasie van lord Kitchener waarin die leiers van die volk met verbanning bedreig was, ook die rondte gedoen. Dit het die arme vroue baie onthuts. Met alles wat hulle te ly het, kon dit vir hulle gespaar gebly het. Dit is nou begryplik dat baie van hulle, gedrywe deur besorgdheid vir hulle mans, in 'n oomblik van swakheid, aan die wens van die Engelse outoriteite voldaan het om 'n versoekskif aan hulle eggenote in die veld op te stel, waarin hulle gevra word om die stryd maar op te gee. So 'n versoekskrif is dan opgestel, en is in die vrouekamp op Pietermaritzburg rondgeneem. Deur 'n aantal vroue is dit onderteken. Daar is ruimte oopgelaat bo aan die versoekskrif vir die naam van mevr. De Wet. Toe is die dokument aan haar gebring, en aan haar is gevra om haar naam bo al die ander te skryf. Wat sou dit nie beteken nie as die naam van die gade van die Hoofkommandant van die Vrystaat die lys sou open! Mevr. De Wet het die papier in haar hande geneem en dit begin lees. Sy het nie ver gekom nie of sy vou dit saam, skeur dit aan stukkies en gooi dit op die grond.

Party vroue was hieroor boos; maar vir verreweg die grote meerderheid was die fiere daad van mevr. De Wet 'n grote verligting. „Dankie,” het sy van alle kante gehoor: „nou is ons tog verlos ”

Dit kan goed verstaan word dat mevr. De Wet, om hierdie stuk, die ongenoeë van die gesaghebbende magte op haar gehaal het, en sy moes dit hoor dat sy met verbanning uit Suid-Afrika bedreig was; maar sy verhaal dat deur die Goewerneur aan haar 'n onderhoud met hom toegestaan is, en dat hy haar in die onderhoud die versekering gegee het dat sy in die kamp sou kan bly.

Die kamplewe het toe maar, met al sy ongemak en ellende, van dag tot dag en maand tot maand voortgeduur. Niks besonders is gebeur nie, totdat dit bekend word dat die vrede gesluit is. Dit word spoedig bekend dat die vrede nie ten gunste van die Boere is nie, en mevr. De Wet belet toe haar kinders om te gaan luister na die aflees van die proklamasie

Die Goewerneur het na die kamp gekom en, bepaald, 'n besoek aan mevr. De Wet gebring.

Sy het hom met alle betoon van eerbied ontvang, en in haar hut hom 'n koppie tee aangebied. Die eerste vraag wat hy haar doen, was of sy na die afkondiging van die Vrede gaan luister het.

„Neel!” was haar antwoord.

„Die Boere,” is nou aan haar gesê, „het die stryd opgegee, en dit is nou gelukkig weer vrede.”

„'n Aakhge vrede!” sê mevr. De Wet „Ek het dit liever gesien dat my man se graf dáár—en sy wys op die grond voor haar—gegraaf was as dat die wapen sou neergelê word ”

„Maar één kant moes tog wen,” sê die Goewerneur, „en nou het ons die geluk gehad.”

„Ja, dit neem ek aan, want daar was sewe of ag moondhede teen 'n klein klompie Afrikaners wat nog getrou gebly het; en dan was nog Kaffers teen hulle gebruik.”

Die Goewerneur sê nou dat mevr. De Wet hom beledig.

„As ek U Eksellentie beledig, dan vra ek om ekskuus, maar ekself het dooie Kaffers op Rooiwal gesien.”

Die gesprek het toe 'n ander wending geneem, en die Goewerneur het haar genooi, as sy en haar man op Pietermaritzburg sou kom, om hom te besoek en 'n koppie tee te kom drink. Sy het hom hiervoor gedank, maar daarby gevoeg dat sy nie gedink het dat van die vriendelikheid van die Goewerneur sou gebruik kan gemaak word nie.

Die kampele was nou vir haar op 'n end. Sy is dadelik van Pietermaritzburg weg, en het op Wolwehoek haar man weer ontmoet, ná sy van hom verwyder was vir 'n jaar en tien maande.

Toe is hulle huis-toe.

Huis-toe? Daar was vir hul geen huis nie! Hulle woning was totaal vernietig. Tot op die fondament was dit opgeblaas.

Op die plaas was die verwoesting ook so volkome as dit ook maar kon bedink word. Al die draadheining en ysterpale—generaal De Wet het omheininge gehad van omtrent 3,000 morge—het die troepe weggevoer vir hulle versperringsdoeleindes by hulle garnisoen op Koppies.

Hy moes met sy vrou 'n tent betrek, terwyl hy dadelik aan 'n messelaar dit opgedra het om 'n nuwe huis te bou

Maar lank kon hy by sy vrou nie bly nie. Hy en generaals Botha en De la Rey moes na Europa om middele in te samel tot hulp van die ongelukkiges onder die volk wat deur die oorlog gereeneveer is.

Hy is dan met die ander twee Generaals op reis gegaan. Aan Kaapstad het hulle 'n geesdriftige ontvangs gehad, en is toe met die *Saxon* na Engeland.

Generaal De Wet het besluit om 'n boek oor die oorlog te skryf; en dadelik het hy aan boord begin om dit op te stel. Dit was wonderlik hoe hy vir hom nou hier heeltemal oorgegee het aan hierdie werk. Elke dag voor die môre-ete het hy die dag begin met die skryf van sy boek. Die werk het hy toe voortgesit tot die tyd daar was vir die middagmaal. Daarna het hy 'n bietjie gaan rus, en toe het hy weer sy skryfwerk voortgesit totdat dit tyd was vir die aandete. En in die aand was hy weer aan die gang tot tienuur. Dit is haas onbegryplik hoe hy dit kon uithou. Byna drie jaar het hy geleef in die vrye lug, en nou het hy vir hom in sy kajuit opgesluit—en dit nog met 'n werk wat aan hom heeltemal vreemd was. So onafgebroke het hy gearbei, dat iemand vir wie skryfwerk sy daaglikse nering was, met moeite gelyke tred met hom sou kan gehou het. In Engeland en Holland het hy sy laaste hand aan die werk gelê.

Sy boek is sy eie produk. Dit het vel op vel van papier—groot formaat beslaan—ja, sy eie werk was dit. Hy het aan ds. J. D. Kestell gevra om sy boek in literariese vorm te bring, en dit is gedaan sonder dat daar iets aan die karakter van die boek verander geword is. Alles wat oorgeskryf was, was weer aan